AFDELING A (LANG SKRYFSTUKKE)

**VRAAGI**

Kandidate het oor die algemeen goed gevaar in hierdie afdeling. Die onderwerpe was baie gewild en het by kandidate se ervaringswêreld gepas. Die riglyne wat verskaf is, het daartoe bygedra dat kandidate hulle goed van hulle taak kwyt. Enkele probleme is egter met paragrafering ondervind. Indien kandidate korrek beplan het, sou hulle min probleme ervaar bet. Hier en daar het kandidate die lengte van die opstel oorskry.

AFDELING B (KORT SKRYFSTUKKE)

Die brief was in hierdie afdeling die gewildste alhoewel baie kandidate glad nie die vorm daarvan ken nie. Die dialoog is ook met groot sukses aangepak. Wat
kommerwekkend is, is die feit dat baie kandidate geheel en al die struktuur van veral die brief ignoreer en eenvoudig soos in 'n opstel kommunikeer.

AFDELING C (TRANSAKSIONELE SKRYFWERK)

VRAAG3

Die CV was hier baie gewild en is met groot vrug deur kandidate aangepak. Die invulvorm het dinge vergemaklik. Baie kandidate bet egter al drie onderwerpe aangedurf en instruksies totaal ignoreer.